

# LUG U MENING

## Oproep om openbare voorleggings en kommentaar

Die Staande Komitee oor Finansies nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike voorleggings oor die Wysigingswetsontwerp op Algemene Finansiewette [B 21 – 2026] in te dien.

Die Wysigingswetsontwerp op Algemene Finansiewette [B 21 – 2026] het ten doel om:

- *die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, Wet No 9 van 2017, te wysig ten einde 'n hoofstuk in te voeg om voorsiening te maak vir die aanwysing van vervangingsmaatstawwe; voorsiening te maak vir die uitwerking van vervangingsmaatstawwe op bestaande kontrakte; voorsiening te maak vir die beperking van aanspreeklikheid wat voortspruit uit die keuse of gebruik van 'n vervangingsmaatstaf of 'n aangewese aanpassingsmarge; voorsiening te maak vir 'n beraadslagingsproses vir aanwysings of bepalings deur die Reserwebank met betrekking tot die vervanging van maatstawwe; en*
- *die Wet op Openbare Verkryging, Wet No 28 van 2024, te wysig ten einde die tydperk te wysig waarbinne die Minister die implementering van die wet moet hersien, 'n verslag openbaar moet maak en sodanige verslag aan die Parlement moet voorlê, en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.*

**Openbare verhore sal op Dinsdag, 13 Oktober 2026 gehou word.**

Voorleggings moet teen nie later nie as Maandag, 12 Oktober 2026 om 12:00 ontvang word.

Diegene wat aanbiedings by die openbare verhore wil lewer, moet dit spesifiek versoek. Die verhore sal via Zoom gehou word.

Voorleggings moet aan die komiteesekretaris, mnr Allen Wicomb en me Lwazikazi Ntinzi, gerig word by [awicomb@parliament.gov.za](mailto:awicomb@parliament.gov.za) / [Intinzi@parliament.gov.za](mailto:Intinzi@parliament.gov.za)

Uitgereik deur agb dr M J Maswanganyi, LP, Voorsitter: Staande Komitee oor Finansies (Nasionale Vergadering)